



Vyfde uitgawe
2015

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekreteresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewe bus	2
Miere en plantluise	3
BRAT vergadering	5
Vergadering 5 Sept	17
Lao Tzu	24
Kalender	32
Terugvoering	34
Vergadering 2 Oktober	35
Snippets	36

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Beste bonsai vriende

In die klein vertrekke in ons huis met die 'wit' stoel staan daar 'n mandjie (langs die 'stoel') met my vrou se vroue tydskrifte in. Wanneer ek daardie 'stoel' gebruik blaai ek dikwels deur daardie tydskrifte (meeste mans sal dit nooit erken nie) en lees selfs van die artikels.

Een artikel wat my toe nou die dag opval in een van daardie tydskrifte is waar vroue, en veral jong vroue en selfs tieners, aangevoedig word om hulle hare grys te kleur. Grys hare vir jong vroue? Is grys nie vir ouer dames nie? Is grys nie sinoniem met 'oud' nie? Gaan die lewe nie daarvoor om jonk te lyk nie?

Alle ander artikels (vir vroue) gaan oor modes wat jou laat jonk lyk. Grimering en hoe jy dit moet aanwend om jonk te lyk. Room vir die vel om plooi weg te neem of te voorkom. Hoe om te oefen

om jonk te bly. Hoe om te eet om jonk te bly. Jonk jonk jonk.....

En toe sê die artikel oor die grys hare dat dit natuurlik lyk en karakter gee. En ek sê vir myself, ons bonsai mense weet dit lankal. Ons streef na natuurlik, oud en karakter.....wel net in ons bome..... ☺ ☺

Bonsai groete

Jaco



If you think you can do a thing or that you cannot do a thing, in either case you are right. - Henry Ford

Briewe Bus / Vra is Vry

Dagsê Jaco.

Dankie vir jul moeite met BRAT. Die een dame wat saam met my was, is 'n rou entoemas (klompie maande se deelname) en sy is daar weg in verstomming.

Mooi bome en mense gesien by BRAT.

Groete,

Pieter Loubser



Ek het hierdie verstommende miniatuur raakgehoop by: <http://www.bonsaiempire.com/blog/miniature-landscaping> Die persoon by die skepping is vermoedelik die fotograaf.



Hierdie is die byskrif soos gevind: *“The creator of the miniature landscape is unknown to us, most likely it was made by a farmer from Bắc Ninh, but Mr. Toàn (on the photo) made the photos. We do know the design was displayed at the Hải Phòng Bonsai show in Vietnam.”*

Kyk gerus na die nabyfotos en staan in verwondering. Die hoofboom is 'n kleinblaar vy en die ander minder-opvallende boom, dalk 'n Essehout.



Hoewel die boom 'n Ficus van soorte is weet ek nie waarvan die meubels gemaak is nie! My aftreehuis, dalk eendag?

Pieter Loubser

Miere en Plantluise - deur Dr Pieter Loubser.



Wat het hierdie goed met mekaar te make? En verskoon asseblief die gebruik van die woord “goed”. Die onderwerp is verstommend interessant! Ek hoop dat die kwaliteit van die kleur- en detailproduksie (ek verstaan dat dit nie so maklik is nie) kan wys waarvan ek praat.

Heuningdou!

Kyk wat doen die mier in die volgende foto! (op volgende bladsy) Dit neem die heuningdou in! En dit is die rede waarom miere so 'n vriendelike verhouding met plantluise en sommige dopluise het. Plant en dopluise behoort aan die Hemiptera-orde. Die plantluise is egter baie beweeglik en kan beweeg van een plantgroeipunt na die ander wanneer die plantsap te min raak of die groeipunt oorbevolk is. Miere kan die plantluise rondskuif indien nodig. Sommige miersoorte bêre selfs die plantluiseiers in die mierneste tot hulle uitbroei en dan dra die miere hulle na plantgroeipunte toe. Sommige plantluise baar lewende kleintjies.

Die geval met dopluise is baie meer ingewikkeld, want hulle beweeg nie rond nie, minstens nie die wyfies nie. Die volwasse mannetjies het vlerke en kan dus vlieg.

Vervolg op bl 4

Miere en Plantluise - deur Dr Pieter Loubser.



Die dopluise met harde doppe skei nie heuningdoppe af nie. Dopluise met sagte doppe doen dit wel. Die Australiese wolluis is 'n voorbeeld wat heuningdoppe produseer. Let op na die blink miniatur druppels op die blare van jou bonsai. En let op na miere op die boompies!

'n Gevolg van die heuningdoppe is dat Swart Muf, 'n swam daarop groei! En dan het jy moeilikheid op hande. Hierdie is bo-en-behalwe die skade van sapverlies wat die insekte veroorsaak. 'n Ander erge gevolg is dat virusse saam rondgedra word en dan het jy veel moeiliker probleme. Kyk na die gekrulde blare hierbo links. Daar is 'n sterk moontlikheid van virale besmetting.

Jy kan kies tussen natuurlike voorkoming met ander insekte, maar dis 'n onbegonne taak en chemiese bevegting of, indien jy die probleem vroeg oplet, handverwydering. Let op dat sekere spesies meer vatbaar is vir sulke aanvalle, soos as voorbeeld Oliene wat maklik dopluise kry en Esdoringe wat maklik plantluise ervaar.

Hierdie is 'n kort skets van 'n uiters interessante simbiose.

Pieter Loubser



BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

Ons het 'n baie suksesvolle BRAT dag aangebied wat deur omtrent 110 mense bygewoon is. Die tema was “Flowering Species” en die terugvoer en kommentaar van mense was dat hulle dit baie geniet het en leerzaam gevind het.

Na Org as Kai voorsitter almal welkom geheet het, asook as BRAT voorsitter die BRAT voorsitters verslag gegee het, het die dag se bedrywighede afgeskop. Deon Kotze het 'n indiepte aanbieding gewys oor lig. Daar was soveel tegniese inligting dat dit onmoontlik is om dit hier weer te gee. Daarna het Erika Kohler gepraat oor “Indigenous flowering species”. Na “raffle” pryse getrek is, heerlik geet is aan uitstaande kos wat ons dames, en hoofsaaklik Erika Tredoux, voorberei het en die wenbome aangewys is, het Org gepraat oor die “Hawthorn”, Charles en Johan Els oor die “Crab-apple” en Christa oor Azaleas. Na nog “raffle” pryse en tee het Tricia Fourie oor die Bougainvillea, Duvan oor die “Pomegranate” en Jonathan Cain oor die “Privet” gepraat.

Al die praatjies was baie insiggewend en sommige was vergesel met aanbiedings op die skerm. Die praatjies kan nie almal in hierdie uitgawe weergegee word nie en sal oor twee of drie uitgawes gepubliseer word.



Vervolg op bl 6

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.



CRABAPPLE / WILD APPLE



- *Malus* (/ˈmeɪləs/[3] or /ˈmæləs/) is a genus of about 30–55 species of small deciduous apple trees or shrubs in the family Rosaceae. The species are generally known as crabapples, crabs, or wild apples.
 - Crabapple trees are closely related to domesticated orchard apple trees (*Malus domestica*). The main difference is the size of the fruit
 - The genus is native to the temperate zone of the Northern Hemisphere.
 - Crabapple fruit are mostly red, but some, such as the cultivar “Golden Hornet”, are yellow
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

- The leaves are 3–10 cm long, alternate, simple, with a serrated margin
- Apples require cross-pollination between individuals by insects (typically bees, which freely visit the flowers for both nectar and pollen);
- Apple wood gives off a pleasant scent when burned, and smoke from an apple wood fire gives an excellent flavour to smoked foods. It is easier to cut when green; dry apple wood is exceedingly difficult to carve by hand. It is a good wood for cooking fires because it burns hot and slow, without producing much flame
- Crabapples are considered four-season trees
- They bloom in early-to-mid April for two days to almost two weeks, depending on cultivar and weather conditions.
- They have attractive green, reddish, or bronze leaf colour in the summer
- Fruits begin to colour in August and range in size from 1/4 inch to 2 inches in diameter
- In the winter, plant form and bark characteristics provide beauty

CRABAPPLES FOR BONSAI



Flowering Crabapples, *Malus* species, and cultivars are one of the best flowering trees for bonsai

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

- They are covered with beautiful fragrant flowers in early Spring
- Foliage appears and little green apples appear in Summer
- Fruit ripening to all different colours when the foliage begins to turn to shades of yellow, orange and red
- Winter brings a nice twiggy skeletal outline punctuated by the persistent fruit
- New cultivars are constantly being developed giving us an ever increasing selection of flower colour, fruit colour and size
- They are easy to grow and quite pest and disease resistant

Cuttings versus Grafts

- Difficult to obtain good low grafts
- This has been solved by growing Crabs for bonsai from rooted cuttings
- Bury the understock an inch at a time by making vertical slices in the bark and applying hormone, then covering the area with good bonsai soil to try to move the root zone upward
- Air layering
- Easy to propagate

Propagation of Cultivars

- Crabs do not usually root from hardwood cuttings
 - They must be propagated from semi-hardwood cuttings taken from June through about early August
 - Remove most of the leaves
 - Cuttings from Crabs are growing much more vigorous
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

GROWING TIPS

- Grow very fast in training pots
- Require pruning only weeks after being potted up
- Leaves are too large for Shohin
- Need repotting every year due to their fast growth rate
- Larger bonsai may need it every other year
- Impossible to get very much ramification on crabs
- Defoliate in spring for smaller leaves and tighter internodes



FLOWERING TIPS

- Crabs are greedy little plants and require regular feeding
 - High calcium levels for lots of flowers and fruit
 - Stop the nitrogen in autumn for better flowers
 - Regular, thorough watering is a must
 - Use a somewhat denser soil mix
 - Full sun in most areas is best
 - They require a period of winter chill to set flowers
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

PESTS AND DISEASES

- Crown gall is a parasite that makes warty nodules
- Snails and slugs put big holes in the leaves. Caterpillars of various sorts will roll up in the leaves
- Woolly aphids are serious pests
- Pests can be controlled with a good systemic insecticide
- Diseases are less of a problem
- Powdery mildew which is easily controlled with Funginex or simply giving them more sun and keeping the foliage dry at night

CULTIVARS FOR BONSAI

- Best cultivars for bonsai are the smaller leafed ones that develop some degree of taper on their own and are inclined to produce low twiggy branching ie 'Hopa', 'Hime Ringo', 'Mary Potter', sargentii and zumi cvs.
- Good plants for fruit are 'Snowdrift' which has a profusion of small yellow persistent fruit, and 'Sugar Tyme'
- Smallest leaf form is *M. sargentii*
- 'Sugar Tyme' has the most fantastic small fruit. They are red and persistent



BRAT vergadering—29 Augustus 2015.



A good tree for Bonsai,
fragrant flowers and interesting fruit & colours



BRAT vergadering—29 Augustus 2015.



POMEGRANATE

Punica granatum



BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

SPECIES OF POMEGRANATE

Fruiting Pomegranate (*Punica granatum*)

- Big shrub or small tree
- Flowering with edible fruit
- Cultivars include: Wonderful, Angel Red, Granada and Pink Satin
- *Punica granatum* var. *nana* (The dwarf Pomegranate used for bonsai)

Ornamental Pomegranate

- Small shrub
- Flowering with small fruit (not edible)
- Fits nicely in a container
- Also used for Bonsai

General information

- Pomegranates originate from Pakistan and areas of Iran and Afghanistan
 - In ancient Egypt and Israel it was considered a sacred plant
 - They are deciduous trees
 - Fruits are available from March to May in the Southern hemisphere
 - Their leaves are narrow, rectangular and have a silky texture
 - New spring leaves are reddish-bronze and mature into green
 - They become striking yellow in fall
 - The fruit has a thick red skin and contains many seeds, approximately 600
 - Seeds range in colour from bright red down to white
 - Some species are more drought and frost resistant than others
 - In wet areas the roots are prone to rot and fungal diseases
 - The trunk has a naturally twisting style and easily adopts a gnarled, ancient appearance – something widely sought after in Bonsai
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

Care - temperature / Lighting:

- Pomegranate bonsai is best kept in full sun during summer
- In the winter you need to protect it against frost by either:
 - Placing it indoors but sun light is still required
 - Or in a greenhouse
- Medium temperatures will result in dens growth
- Very warm temperatures will result in a less compact structure
- Pomegranate bonsai is suited as an indoor plant if kept in the correct light with good ventilation
- Care should be taken to prevent leaf burn during hot dry periods
- Pomegranates also tolerate some shade
- Pomegranate leafs can withstand some cold but not the roots

Care—Watering / Soil

- Pomegranate bonsai is best kept damp but not wet
- Well draining soil should be used to prevent root rot
- Watering should be scaled down during winter
- Weekly misting of the leafs are beneficial to the tree
- Pomegranates are quite adaptable to different degrees of soil acidity or alkalinity. Although they prefer mildly acid soil, they can also grow well in other types

Care—Watering / Soil

- Pomegranates can receive fertilizer from when the new buds appear until it starts flowering, if fruits are formed after the flowers restart fertilizing
 - Do not fertilize during winter
 - Use a fertilizer with a high phosphorus (P) and potassium (K) content due to its flowers and fruit
 - Remove flowers or fruit if the tree is still developing
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

Care - Pruning / Training:

- Pomegranates can be hard pruned in late winter before new shoots appear
- New shoots should be pinched back to first or third couple of leaflets to develop foliage
- If a branch is required, leave the shoot to mature to a length longer than the desired length and then stop the growth. Natural die-back will occur
- Take care not to cut the shorter rounded shoots. These are flowering shoots
- The tree can be wired at anytime but not when it is flowering
- Care should be taken on older branches as they are brittle and may break
- Younger branches should not be bent sharply as this will damage the inner tissue and kill the branch

Care—Insects / Pests

- Pomegranates are essentially problem free
- Whitefly can be a problem if kept indoors
- Aphids and red spider mite can also be a problem
- Good ventilation can prevent most of the above infestations
- A systemic insecticide can be used or a soapy spray can help reduce the appearance of insects

Care—Propagation

- Pomegranates can be propagated by mid summer soft wood cuttings, leaf-less hardwood cuttings in winter, air layering or seeds. Bottom heat and rooting hormone is required for cuttings
 - They are also easy to grow from truncheon, that is, thick cuttings
 - Some varieties grow slow so to start off with a thick trunk is beneficial
 - The tree can also be planted in a grow container or garden to speed up growth and the thickening of the trunk
-

BRAT vergadering—29 Augustus 2015.

Care - Repotting

- Pomegranates should be potted in late winter or early spring before new leaves appear as the buds are swelling
- The roots are fibrous and coarse and respond well to root pruning
- Nursery stock: Be extremely careful when pruning the roots as this tree exhibits direct relationships between the main roots and its branches
- In any case the removal of root mass must be done gradually to prevent the loss of branches. Defoliation should be done for severe root pruning
- For established trees repotting can be done every two, three or four years
- The pot should be slightly deep and not too shallow
- The plant flowers well when it is slightly root-bound and has enough water
- Containers in quiet blues, yellows and unglazed browns and greys are suitable

Care—Design / Styling

- Pomegranates are well suited for informal upright, slanting, semi-cascade and multi trunk / twisted trunk styles
- They are best viewed as a single tree and group plantings are not desired due to the flowers and fruit



Vergadering van 5 September 2015.

“Tip of the month” - deur Louis van der Walt


Louis het die onderstaande verskaf na sy praatjie by die vergadering:

ONDERWERP: DIE GEBRUIK VAN ‘CABLE TIES’ IN DIE VORMING VAN BONSAI

Ek het gevind dat cable ties n baie gerieflike manier is om takke te buig wat normaalweg nie met draad gedoen kan word nie. Dit is veral handig in gevalle waar takke nie met een slag gebuig kan word tot waar jy dit wil hê nie. Deur ’n cable tie te gebruik kan dit oor ’n tydperk gedoen word deur met geskikte tussenposes die cable tie vaster te trek sonder moeite want dit is reeds stewig geanker.

Opsomming van ander eienskappe en gebruike van die cable tie:

- # Hoofsaaklik geskik vir eendimensionele buiging(tegniek vervang nie bedrading nie maar is aanvullend)
- # Kan stukkies rubber besproeiingspyp gebruik om insnyding in bas te verhoed. Gewoonlik moet ’n dun en kort cable tie gebruik word om deur die pypie te ruig wat om die tak vasgetrek word. Die groter cable tie gaan nie deur die pypie nie.
- # Kan ook gebruik word om ’n mik wat oopgeskeur het weer vas te trek sodat die wond kan herstel. Die wond kan met koue houtlym geseel word.
- # Is ook baie handig om wortels teen die klip vas te trek by “Root over rock” styl
- # Word net eenmaal gebruik en afgeknip en weggegooi as die doel bereik is. Verminder die opgaar van stukkies draad wat soms nutteloos is
- # Daar is seker nog heelwat ander gebruike.



Vergadering van 5 September 2015.




Wortel oor klip

Duvan Horn & Francois van As



Vergadering van 5 September 2015.

In die natuur



Vergadering van 5 September 2015.

In wortel oor klip styl word boom bo-op klip geplant met wortels wat teen klip afgroei tot in die grond.



- Nie moeilik om die styl baas te raak nie
- Tydrowend
- Enigste uitdaging is om interessante en karaktervolle klippe te kry

Hoe kies ek 'n klip?

- Karakter
- Deursnee ± 20 cm en hoogte ± 25 cm
- Basis moet plat en stabiel wees
- Oppervlak moet grof wees met gleuwe sodat wortels afwaarts kan groei
- Holte(s) waarop boom gevestig kan word

Die volgende is nie aanvaarbaar nie

- Rond, vierkantig of simmetries—moet natuurlik lyk
 - Nie te swaar wees nie—moet hanteer kan word
 - Nie lig van kleur wees nie
 - Nie Sandsteen nie
-

Vergadering van 5 September 2015.

Plantmateriaal

- Wildevy (Ficus) soorte by uitstek die beste keuse—hulle is van nature goeie klipgroeiers
- Ander kleinblaar soorte wat ook geskik is:
 - Conifers
 - Olea's
 - Buddlejas
- Bladwisselende bome soos
 - Elm
 - Maple
 - Celtis
- Steggies verskaf beste materiaal, byvoorbeeld wildevye
- Plant in diep houer sodat wortels in lengte kan groei om oor die klip te vou

Die boom bo-op die klip

Boom en klip vorm 'n eenheid, met ander woorde die ontblote wortels om/op die klip vorm deel van die boom se stam

Dit moet ingedagte gehou word wanneer die hoogte van die boom beplan word



Vergadering van 5 September 2015.

Tegnieke om wortels op klip te vestig

Tegniek 1

- Plaas die boompie op die klip, vou die wortels om die klip en maak vas met isolasieband, tou, rekkies of “cable ties”. Plaas die klip met boompie in ’n diep houer en bedek heeltemal met groeimengsel.
- Nadeel van die tegniek is dat wortels geneig is om weg van die klip te groei en neem lank om te ontwikkel

Tegniek 2

- Plak wortels met kleimengsel aan klip—draai “cling wrap” om die wortels om te voorkom dat die klei uitwas
- Effektiewe metode, wortels kan maklik gemanupileer word, hoë voginhoud

Tegniek 3

- Vou wortels om die klip en druk die res onder die klip in
 - Vou aluminium foelie om die klip en druk wortels teen die klip vas
 - Griemengsel kan tussen foelie en klip ingewerk word
-

Vergadering van 5 September 2015.

Potte

- Diepte - vlak
- Vorm - oval, rond of reghoekig
- Kleur - pas by kleur van die klip, mees geskikte sal grondkleure wees

Daar is 'n klomp voorbeelde (foto's) gewys wat nie hier gewys word nie want dit is van die internet gekry

Daar is toe 'n demonstrasie gelewer en 'n klompie lede het ook bome op klippe geplant.



LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.


Lao Tzu

老子

Nee, ondanks die titel se skimp, gaan ek nie hierdie artikel in Chinees aanbied nie. Ek gaan egter 'n klompie gedagtes oor Lao Tzu vermeng met 'n verdere klompie van my ander gewone draakstekery en flentertjies inligting wat by tye op bonsai van toepassing kan wees en andersins sommer net 'n loop neem oor menswees. Ek sê later iets oor filosofie. En nog verder dien dit

hopelik om te dink oor idees van mense se bestaan lank terug in China en hoe sommige daarvan mettertyd in Japan en bitter stadig ook in Westerse denkkringe plek gevind het. Sif, soek, probeer verstaan. Lao Tzu moedig dit aan met *“om te probeer om te verstaan, is soos om deur modderwater te sif, Wees geduldig en wag. Halt en laat die modder toe om neer te sak.”*

Die aanloop tot die skrywe is 'n toevallige lees van 'n artikel oor Lao Tzu en bykans dieselfde tyd die voorstel dat Mandaryns glo in sekere van ons skole as vak aangebied gaan word. Laasgenoemde is dalk ter voorbereiding vir groter en meer uitgebreide bande met China ondanks die huidige ineenstorting van aandelemarkte weens China se relatiewe onderprestasie op ekonomiese gebied. Desondanks dink ek tog dat ons baat kan vind by oorweging van Chinese oerpraktyke en denke op kuns- en sosiale vlak en hopelik bonsai beter sal verstaan of waarde put uit bonsaikuns. Die Chinese draak ten spyt! Indien 'n ekonomie in die hek begin duik, beteken dit nie noodwendig dat die uitlewing van kuns daarmee saam hoef te stoei nie. Twee wêrelde wat van mekaar verskil.



Vervolg op bl 25

LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

Geweldige getalle mense in China, afgesny van veral Westerse ekonomieë en onderdrukking van kontak met ook hulle, het 'n eie individualiteit behou en ontwikkel. Miskien moet ons tegelyk dink aan wat 'n ongewere soortgelyke ideologie in die USSR gedoen het! En dan verder ekstrapoleer. Die Chinese het gekyk na die natuur en dit verwerk in kuns. Maar dis nie al nie. Sluimerend en dalk gedwonge weens die omstandighede, was 'n klou aan persoonlike, individuele en eenvoudige waardes sonder materiële gewin aan die broei. Verstommend! Die Chinese proletariaat, onderdrukte en armoediges het steeds nut gevind in die versorging en skeppings van miniatuurboompies en natuurtonele. 'n Ontvlugting? Langs die pad het van die ryk heersers (op 'n manier 'n vergelyking tussen Marx se arbeiders en bourgeoisie) verstommende versamelings van hierdie kunswerke bymekaargemaak en ons kan dit danksy die verdere oopstelling van die Syroete (Silk Road) en China as sulks, steeds sien. Selfs in die huidige oper ekonomiese klimaat is hierdie klou aan psigologiesbevredigende waardes steeds nagevolg. Die bevrediging van die dieper sinne, die poging om “mooi” te verstaan, die estetiese, het bly voortstu.




Ek gaan in hierdie skrywe aanhalings (of veronderstelde aanhalings) van hierdie bekende, of dalk minder bekende en selfs (dalk) denkbeeldige Chinese filosoof gebruik en nie noodwendig in chronologiese volgorde nie. Daar is natuurlik elders in Westerse, Mid-Oosterse en Oosterse geskryfte ook aangedik en geleen en redaksionele weergawes as waarheid aangebied, maar dit ook net terloops. Dink nou maar watookal daaroor, maar **dink** asseblief, **dink** dat mense van heel anderse kulture as ons eie, verstommende antwoorde kan hê vir sake wat ons tans en in die verlede aan murg en been ook raak en moes raak.

LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

En indien u wonder: Ja, ek het opleiding en belangstelling in filosofie (inleidend by NWU en meer by *Pathways to Philosophy* in Brittanje olv. Dr Geoffrey Klempner, asook via edX). Ek is lid van *Die Internasionale Vereniging vir Filosowe* (ISFP). En ek het reekse boeke en artikels oor die belangstellingsveld gelees en dan is ek ook bevriend met Google.

Terug na Lao Tzu.



Lao Tzu was (of was nie) 'n Chinese filosoof. Hy het glo van 570 tot 490 VHE geleef. Sommige historici dink dat hy en Confucius dieselfde persoon was. Sommige mense meen aangaande sy geskifte dat dit samestellings van heelparty ander persone is. Die totaal van hierdie idees, veronderstellings en samevoegings daarvan, laat egter 'n wonderlike skat van filosofering na. Dit (filosofering) herinner my aan sulke juwele ook in Afrikaanse geskiedenis, by name C J. Langenhoven en C Louis Leipoldt en hulle hét bestaan en hét geskifte in hul eie naam nagelaat. En ek is ouer en ek kan onthou en spekuleer oor wat was, wat is en wat kon wees (in my opinie, filosofies en andersins). Hiermee dan Louis Leipoldt se gedig wat ek dink van toepassing is. In Afrikaans en nie Mandaryns nie.

LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

Die Slamaierwinkel

Daar's 'n ewige rintinkel in die ou Slamaierwinkel,
 Waar die tameletjies en groenvye stik;
 Want die reuk van knofloknolle meng met dié van kanferbolle,
 En daar's rooi saffraan en bokkoms in 'n blik.
 Dis 'n deurmekaar ophoping, uitgesprei hier vir verkoping,
 En ou Abdoel troon die toonbank agteroor.

As ek dink, dan tril die snare van my vroeë kinderjare,
 En dit klink vir my asof ek Abdoel hoor
 As hy sedig heen en weer gaan, en die kopers daar te keer gaan –
 “Trippens suiker, sikspens skoon kanariesaad.”
 Ja, ek sien hom met sy moesie, hoe hy vinnig die kardoesie
 Vul met wat hy voor gevra word, as hy praat:
 “Ag, vandag is onplesierig, want die mense is so gierig –
 Vir 'n sikspens wil hul twintig vye hê;
 Dis 'n alte hoë rente, ons is netnou insolvente;
 Ek kan net so goed bankrot speel en gaan lê.”

En dan hoor ek weer oom Bennie as hy sê: “Abdoel, ek ken nie
 'n Slamaier wat so skatryk is as jy.
 Jy het, hoor ek, 'n verband op 'n plaas daar langs die strand
 En 'n spogkar met twee perde nog daarby.
 Wil jy nou vir ons kom wysmaak dat die lewe vir jou grys maak?
 Nee, vir jou is dit so lekker soos pampoens.
 Dis maar net die arme boer wat nou nie eens met sy roer
 'n Bestaan kan maak nie, wat hy ook mag doen.”

Ag, ek hoor die goed rintinkel in die ou Slamaierwinkel;
 Ek kan amper proe hoe soet die vye smaak.
 En die mengelmoes van geure en van rooibont kopdoekkleure
 Is genoeg om iemand amper mal te maak.
 Maar dit is maar droomgesigte, wat verlig word deur die ligte
 Van die sterretjies wat waghou oor die see;
 Want ou Abdoel is mos dood en sy kinders algar groot –
 En daar's niemand wat my nou groenvye gee.

LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

Ek het die gedig anders opgedeel in verse as wat ek dit op internet gekry het en het dit gedoen soos ek dink dit vir my bymekaar hoort. Vir my maak dit meer sin soos opgedeel en u sal hopelik later my gedagte hieraangaande begryp. Verskoon my asseblief net vir hierdie bedoeling.

Dink weer oor wat Leipoldt skryf. Profeties of per ongeluk? Herinneringe? Waaraan? Of rymelary?

Lao sê dat “*n reis van een duisend myl reg onder jou voete begin*”. Ruik jy die omgewing? Ruik jy die blomme en vrugte? Voel jy die grond onder jou voetsole? Ruik jy die mense? Hoor jy die mense? Hoor jy die stilte? Verwerk jy dit? Kyk jy die mense in die oë? Verteer jy dit? Kaalvoet! Rouhart? En ID du Plessis vryf dit in met “*Kaalvoet klonkie*” (’n uitgesoekte fragment word gebruik):

“ Is dit wat jou so laat bokspring

En dans op jou hoepelbeen,

Verflenterde kaalvoet klonkie,

As jy groente verkoop in die reën?”

En ek weet dat aanbeveel word dat jy jou kinders kaalvoet grootmaak en self so loop. Stap in die watervore in Worcester se strate en voel die koue en varsheid van die reën in veral die Winter. Voel dit! Sien Elizabeth Kendall se uitbeelding hieronder.



Lees ook gerus <http://www.mindbodygreen.com/0-9099/the-surprising-health-benefits-of-going-barefoot.html>

Die Engelse term is “earthing”. Dalk om meer aards te wees? Dit vermeerder glo anti-oksidante, verminder inflammasie en verbeter slaap. Loop gerus kaalvoet op grond, gras of sand. Klim af van die geplaveide sypaadjie! Stap uit jou vernouende, beperkende skoene. Kaalvoet het glo te make met die verbinding tussen ons liggame en die elektrone in die aarde, ons grondverbintenis. Ons verkeer kaalvoet in beter verbintenis met die natuurlike lading (op atomiese vlak) van die aarde! Hier is meer waarheid in as sommerso!

Vervolg op bl 29


LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

En dan dink ek oor *Wabi* en *Sabi* en ek roer later hierdie saak aan.

Intussen bekruipe die seisoen my. Die Lente steek kop uit. My Witstinkhoute, Wildevye, Esdorings en menige ander spesies begin een na die ander die kleinste blaartjies uitstoot en ek is verplig om die kleinste botsels (honderde van hulle) uit te knip om groei te beperk, reeds in Augustus! En op 2 September slaan 'n kouefront my blyplek. Nie my meedoen nie. Dis die ongenaakbare natuur.

Wanneer ek tussen my bonsai beweeg is dit asof die lewe saggies fluister. En ek ruik dit! Koue en ook Jasmyn in die lug. Lao Tzu herinner my aan die ewige met “*die natuur is nooit haastig nie, en tog is alsvolvoer*”.

Verder oor Lao Tzu: Geskiedskrywers erken dat dit moeilik is om te bepaal wie Lao Tzu werklik was. Daar is vele legendes oor hom/hulle. Wie dit ookal was het glo geleef in Luoyang in China (die ou hoofstad). Hierdie persoon was glo die grondlegger van die Skool van Tao, oftewel Taoïsme. Hy het glo geleef saam met Confucius, hoewel sommige dink dat dit een en dieselfde persoon was (soos reeds gemeld) en ander beweer dat Lao Tzu geleef het bykans 'n eeu later. Hy was dan (so word gedink) 'n filosoof, 'n persoon wat probeer om antwoorde te verskaf aangaande mense en hul plek in die heelal. Sommige mense dink dat die verwysing na Lao Tzu bloot na “*ou persoon*”, “*'n wyse*” en niks anders is nie. As voorbeeld van 'n sêstuk wat algemeen toegepas kan word, sien hieronder (geleen op die Internet). Hoe sag is water? Al van 'n duikplank plat op swembad se wateroppervlak op jou maag geland? Dit was bekend as die “belly flop” en iets soos “maaglanding” of “buikploff” gaan nie so lekker sê soos die Engels nie. Amper soos ‘n “taxi” ry lekkerder as ‘n “huurmotor”, maar dit net tersyde.



LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

Ons kan saamstem met wat Lao hierbo beweer, wanneer ons sê dat “’n sagte antwoord die grimmigheid afweer”. En ons vind in Spreuke 15:1 in die Bybel ’n soortgelyke stukkie wysheid met “’n sagte antwoord laat woede bedaar; ’n krenkende woord laat woede ontvlam”. Lao Tzu beweer ook dat “die beste mense soos water is wat alle dinge ten bate is en nie met hulle meeding nie. Dit bestaan in verfoeilike plekke wat deur ander verwerp word. Dit is waarom dit gelykstaande is aan die Ewige Gedagte”. My mening: Daar is “goeie mense” op menige plekke en in onnoemlike omstandighede.

Wanneer ons dink aan bonsai, kan ons Taoïsme betrek omdat dit ’n eenvoudiger leefwyse voorstel (soos bonsai, meeste van die tyd). En wanneer ons nog verder teruggedink aan die invloed op bonsai en wat dit vergestalt kom die terme “wabi”, en “sabi” dalk in die gedagtes op, soos vroeër vermeld. Beide het te make met eenvoud. Lees gerus by <http://nobleharbor.com/tea/chado/WhatIsWabi-Sabi.htm>

Wabi en *Sabi* word soms as een woord gebruik (Wabi-Sabi). Dit verwys na ’n Japanese siening en estetiese begrip wat gebou is op die fondament van kortstondigheid en onvolmaaktheid.

Skoonheid en mooiheid in húl, die Japanese se sienswyse, sluit asimmetrie, onreëlmatigheid, onafgewerktheid, eenvoud, ekonomiese gebruik van materiaal, beskeidenheid en die erkenning en bewondering van die verstommende integriteit van natuurlike objekte en prosesse in.

“Die Japanese siening oor die lewe omvat ’n eenvoudige skoonheidsin wat sterker gegroei het soos wat die onnodige elimineer en afgesnoei was” volgens Tadao Ando, ’n argitek in Japan.

Maar hierdie is Japanese denke. Is dit veel anders as Taoïsme? Geleen?

“Om dit tot die mees basiese te bring, is *Wabi-Sabi* die Japanese kuns om skoonheid te vind in die onvolmaakte en diepsinnigheid in die natuur, om die natuur se siklusse te aanvaar – die siklus van groei, verval en dood. Dit is eenvoudig, stadig en sonder warboel en dit eerbiedig opregtheid bo alles.” (Gekry êrens op Internet).



Vervolg op bl 31

LAO TZU – deur Dr Pieter Loubser.

Sien dan die verrassende opinie wanneer Lao ons herinner dat “*die nuttigheid van ’n houer bestaan uit die leegheid daarvan*”. Eina! Die feit dat dit leeg is! Maar dit beteken dat dit gevul kan word en wil word (??) want dis waarvoor dit bestaan. En dan is die vraag, waarmee? ’n Bonsaihouer wat wag op ’n boom?

Sekerlik op ’n ander lewensterrein gemik, maar ons kan dit in oorweging hou met bonsai: “*Probeer om dit te verander en jy sal dit ruïneer. Probeer om dit vas te hou en jy sal dit verloor*”. Geskiedenis?

Die geskiedkundige Szuma Ch’ien vertel hoe ’n jong Confucius glo Lao Tzu besoek het en hom ’n vraag oor geskiedenis gevra het. Lao het geantwoord met: “*Diegene aangaande wie jy gevra het, het met hul beendere versmelt in stof. Slegs hul woorde bly bestaan. Wanneer die uur van die groot man aanbreek, styg hy tot leierskap; maar voor hierdie tyd aanbreek, is hy beperk in al sy pogings. Ek het gehoor dat die suksesvolle besigheidsman versigtig sy weelde versteek en optree asof hy niks het nie – dat die groot man, ondanks prestasies, eenvoudig is in optrede en voorkoms. Raak ontslae van jou trots en vele ambisies, jou aansittery, en jou buitensporige mikpunte. Jou karakter wen niks hierdeur nie.*”

Is dit wat Leipoldt ons vertel in Slamaierwinkel? Ek dink dalk so, hoewel hy onwaarskynlik hierdie aanhaling gelees het. Maar dis nie al nie. Die gedig is ryk aan ander betekenis.



Die foto hierbo is duidelik van Chinese bonsai. Die georganiseerde benadering van die Japanese en uiteindelik ook Westerse siening aangaande bonsai-ontwerp is by die venster uit en tog spreek hierdie besondere groepie bome mens aan. Die ongeforsende natuurlikheid en verrassing daarvan staan uit. En tog blyk die takontwerp mensgemaak te wees, of dalk nie!

Red: Hierdie artikel van Pieter is baie lywig. Die opvolg word in toekomstige uitgawes geplaas.



Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As



Wat doen ons in November en Desember

Dit raak nou middel somer en ook die warmste tyd van die jaar wat natuurlik die grond in ons bonsaipotte vinnig laat uitdroog. Met die toename in temperature is watertoediening dus baie belangrik. In sommige gevalle sal dit meer as eenkeer per dag moet plaasvind. Lig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lote en moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om

enige wanbalans in takvorming te voorkom. Doen gereeld inspeksie en pas konstante verfyningstoe toe. Die lote van bladwisselende bome kan teruggesnoei word tot een of twee pare blare wat vertakking en die verkleining van blare teweeg salbring. Nuwe groei by naaldblaarbome moet ook konstant teruggepluk word.

Indien daar gevoel word dat jong takkies nou reeds bedraad moet word, moet daarop gelet word om die draad nie te styf om die takkie te draai nie. Die vinnige groei wat nou plaasvind sal maak dat die draad maklik insny.

Dit is 'n belangrike tyd van die jaar vir voeding en die meeste bome moet regdeur die somer bemes word. Bladwisselende bome kan seewier-ekstrak (Seagro), 2:3:2 en L.A.N afwisselend elke maand ontvang terwyl Naaldblaarbome 3:1:1 of seewierekstrak toegedien kan word.

Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig.

Vervolgens word die hantering van 'n aantal inheemse sowel as uitheemse plantspesies beskryf:

- By die Witstinkhout veroorsaak die voortdurende terugpluk van groeipunte die bevordering van verfyningstoe en blare verklein ook aansienlik.
- Moet nie Akasias toelaat om lang lote te groei nie, pluk nuwe groei vroegtydig terug. Indien lote lank groei raak die afstande tussen die blare onooglik groot.
- Vye met groot blare kan van nou tot en met Januarie ontblaar word. Dit word gedoen deur die blaarstam in die helfte te knip. Hierdie tegniek veroorsaak 'n tweede lentegroei maar met die uitkoms van die ontwikkeling van kleiner blare.

Vervolg op bl 33

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As



- Moet nie 'n snoeiskêr gebruik om Konivere se nuwe groei te knip nie, dit sal veroorsaak dat takkies op die punte vrek en lelik vertoon. Gebruik die vingerpunte om nuwe groei te pluk.
- Asaleas en ander blomdraende plante, wat klaar geblom het, moes nou al uitgeplant gewees het. Hierdie boompies moet nou ook vir die volgende paar maande voortdurend teruggesnoei word deur tussen die blare te knip.
- Probeer om in beheer van die snoei van jou Esdorings (Maples) te bly, aangesien die verwaarloosing daarvan die vertakking van takke in die wiele sal ry. Wanneer twee nuwe blare verskyn moet die gepunte ongeopende blaar (oksil) tussen die twee afgekny word. Dit sal die boompie mooi dig en in vorm hou.
- Enige nuwe uitspruitsels op denneboompies moet verwyder word, behalwe die twee aan die kante van die groeipunt. Sodra die groeipunte tot kerse ontwikkel kan dit tot die helfte teruggekny word. Hierdie proses verhoed dat die internodes tussen takkies te lank raak.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
November	27	16	9	12	61-100mm
Desember	28	17	9	15	101-200mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Francois van As

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome.

Die vergadering van 7 Junie 2014 het gehandel oor die gebruik van fotos om jou bonsai te ontwerp en is deur Francois van As aangebied. Sommige lede het deelgeneem deur bome wat na die vergadering geneem is af te neem, die foto uit te druk en dan 'n skets te maak van 'n moontlike styl. Rolf Wuest het 'n Buddleia gebruik. Die onderste drie fotos van Rolf se boom soos hy afgeneem is, hoe hy hom geskets het en hoe hy hom sommer daar en dan gestyl het was geplaas in Koeda uitgawe drie 2014. Die foto heel onder regs is geneem op 8 Augustus 2015, dus net meer as 'n jaar na die eerste werk aan die boom. Dit blyk dat hy goed oppad is na dit wat Rolf beplan?



Vergadering van 2 Oktober 2015.

Verslag en foto's deur Esther van Aarde.

Ten spyte van die erge hitte het ongeveer 50 lede hulle gestaal vir 'n baie insiggewende byeenkoms buite onder die bome. Org het sy kennis en vernuf met die kerf van bonsai met ons gedeel.

Die belangrikste item wat nodig is vir goeie werk is die regte apparaat. 'n Goeie kwaliteit stuk gereedskap moet harde sowel as sagter hout kan kerf. Org beveel die Dremel aan vir klein en fynwerk en vir growwe werk 'n 'Die-grinder'. Dit is ook 'n goeie idee om met 'n pen te merk presies waar jy gaan kerf, want as die hout weg is is dit weg!

Baie belangrik is om 'n veiligheidsbril en masker te dra. Sodoende verhoed jy splinters of stof in die oë en lugweë. As jy graag jou hare wil beskerm kan jy selfs 'n teatermus opsit (sien foto van Org). Daar is nie 'n spesifieke tyd van die jaar wanneer kerfwerk gedoen moet word nie, maar 'n goeie tyd is wanneer die blare af is en die stam ontbloot is.

NS. Die 'Tip of the month' het deur die mat geval, maar 'n goeie "tip" is: Kom vergaderings toe, dit is leersaam en boonop groot pret!!



Snippets

Our Environment.

It's spring: the perfect time to give your garden an eco-friendly makeover. Housing developments destroys millions of acres of habitat each year. You can help reverse the damage by turning your garden into a haven for birds, butterflies, bees and other animals. Beautify your garden the natural way.

Avoid chemicals. Chemical fertilizers and pesticides can harm the very organisms that protect and enrich your vibrant garden: toads, wasps, birds and more. Learn organic gardening methods like composting and companion planting to eliminate the need for chemicals. Planting with native plants also reduces the need for chemicals as these plants are better suited to the local environment.



Inspirasie uit die natuur.



Hierdie 'groep' bome staan op 'n oop veld. (Jammer vir die telefoondrade in die voorgrond). Dit wys baie van die aspekte wat Hannes Fritz genoem het toe hy gedurende die vergadering van 1 Augustus 2015 'n groep demonstrasie gelewer het.

Let op dat die bome nie almal dieselfde grootte is nie. Die spasiëring tussen bome varieer ook en daar is selfs dooie bome in hierdie groep.

Die fotograaf kan nie onthou waar dit geneem is nie.